# RINSAR
## NUUSBRIEF JUNIE 2005

**Colesberg Boereunie Vergadering Datums**
***(Voorlopige datums)***

| | |
|---|---|
| 21 Julie 2005 | Boeredag |
| 16 Augustus 2005 | Dept van Handel en Nywerheid |
| 11 Oktober 2005 | Plaaslike owerhede |
| 6 Desember 2005 | Afsluiting |

U kan Wikus Kruger kontak vir meer inligting by 051 753 1456.

---

**Appointments**

We have noticed that some clients visit our offices without an appointment, and that in a few instances we were not available to see those clients as we were busy with other appointments or out of office.

To prevent this, please ensure that you make an appointment beforehand.

---

**Warm geld**

Wat is “warm geld”? Dit is gelde, gewoonlike inkomste, wat nie verklaar word aan SARS nie. 'n Voorbeeld hiervan is wild wat verkoop word.

Hierdie gelde word gewoonlik nie inbetaal in die bankrekening nie, want dan word daar vrae gevra oor waar dit vandaan kom.

Hierdie gelde kan ook nie gebruik word om ander bates te koop nie – want dieselfde vraag kom weer op : Waar kom die geld vandaan?

Hierdie gelde kan ook nie gebruik word om skuld af te betaal nie - want dieselfde vraag kom weer op : Waar kom die geld vandaan?

Dus moet hierdie gelde nooit deur die boeke gaan nie – en hoe kry mens dit reg? Al wat mens met die geld kan doen is om dit onder jou bed weg te steek, want altyd, êrens sal dit uitspring as dit gebruik word.

Verklaar liewer maar die ekstra inkomste, betaal die belasting en gebruik die res op 'n eerlike manier wat nie hoef weggesteek te word nie. Ten minste sal daar elke aand 'n rustige nagrus gekry word.

---

**Pictures**

The pictures of the various animals that were in the foyer of our office, are for sale.

There are 5 in total. These are not actual drawings, but copies of the originals. The artist personally autographed the pictures. A certificate of guarantee for each picture is attach to the back of the pictures.

If you are interested, please make us an offer.

---

**Artikel 51 handleidings**

Die betrokke handleidings moet voor die einde van Augustus 2005 ingedien wees by die Menseregte Kommissie. Die uitstel datum was met 2 jaar verleng.

---

**Streeksdiensterade (SDR)**

Uit 'n kennisgewing van SARS:

“'n Persoon wat 'n onderneming binne 'n streek bedryf en werknemers in diens het, moet vir streeks diensterade doeleindes by die betrokke raad waar die onderneming bedryf word of die werknemers hulle dienste lewer, registreer.”

Hieruit kan ons aflei dat enige iemand wat 'n besigheid bedryf, by die plaaslike SDR moet registreer, ongeag die tipe besigheid.

---

**Input VAT on second-hand goods**

Vendors are allowed to claim an input VAT deduction where second-hand goods are acquired from a non-registered vendor.

The following records must be retained:

- name and address of the person who sold the goods,
- verification of his name, his ID number, or if the purchase is R1000 or more, a photocopy of his ID document,
- registration number of company/close corporation if the amoutn is more than R1000,
- date of purchase,
- description of the goods,
- quantity, mass or volume of the goods,
- purchase price,

- proof of payment of the purchase price.

# RINSAR

## NUUSBRIEF JUNIE 2005

(bladsy 2)

Gedurende April 2005 het Theron du Plessis & PSG Konsult 'n Boeredag aangebied in Middelburg. Dawie Klopper van PSG Konsult het aan ons uitgewys wat werklik in Suid Afrika aan die gebeur is – en dit gaan nie so sleg met ons as land as wat ons dink nie.

Die volgende in 'n uittreksel oor Suid Afrika:

**"Jy vir my Suid-Afrika"**

- SA is die 25 grootste ekonomie in die wêreld met 'n BBP van $500 miljard.
- SA is 3% van Afrika se oppervlakte maar produseer 25% van sy BBP.
- SA se ekonomie is baie soortgelyk aan groot onwikkelende lande s'n : 66.7% van BBP is dienste, 28% nywerheid en 4.4% landbou.
- SA is die mees kompeterende land in Afrika en klop alle Suid- Amerikaanse lande behalwe Chile.
- SA is die grootste produsent van goud, platinum, chroom, vanadium en mangaan.
- SA se koste van elektrisiteit is die 2de laagste in die wêreld.
- SA is een van 12 lande in die wêreld waar kraanwater veilig is om te drink (ons het die derde suiwerste kraanwater).
- SA se JSE is die 14de grootste beurs in die wêreld.
- Suid- Afrika is die enigste land wat die produksie van olie uit steenkool kan bewerkstellig – ons produseer 40% van die olie wat ons verbruik.
- Verwagte groei vanjaar is 4% vs 1.7% vir Europa.
- Transnet en Portnet gaan R135m per dag spandeer aan infrastruktuur oor die volgende 5 jaar.
- Die vlaag denoterings is verby, ons gaan 'n siklus van nuwe noterings in – Lewis, Spar, Consol en ander.

Pres Mbeki het hom verbind tot dienslewering en die modernisering van ons infrastuktuur asook die uitwissing van ongelykhede :

" If indeed we all came to understand this, together we would have to answer the question as to what white South Africa should do to ensure that black South Africa succeeds and what black South Africa should so to ensure that white South Africa succeeds!"

- Groeikoers van 3% oor die afgelope dekade vergeleke met 1% oor die dekade voor 1994.
- SA het van die laagste kantoorhuur.
- SA se huise is van die goedkoopste in die wêreld.
- Johannesburg is die wêreld se goedkoopste stad.
- Die bome van Johannesburg is een van die grootse nie- kommersiële woude in die wêreld.
- SA voer tulpe uit na Amsterdam!

AANVAAR DIE ONVERMYDELIKE !

---

**Dienste wat ons bied:**

- Ouditprosedures op seker entiteite
- Rekenmeesters dienste
- Belasting beplanning en administrasie
- Maatskappy en BK sekretariële dienste
- Registrasie van Maatskappye en Beslote Korporasies
- Lewensvatbaarheidsondersoeke, sakeplanne en waardasie van besighede
- Finansiële inligtings stelsels
- Begrotings, kontantvloei state en vooruitskattings
- Stigting en administrasie van trusts
- Beredding van bestorwe boedels
- Boedelbeplanning
- Advies oor en administrasie van werknemersvoordele

- Statutêre opgawes

---

U is welkom om ons te kontak oor enige punte genoem in hierdie nuusbrief of vir enige vertaling daarvan.

Sarel Wessels – 083 235 4612
Karin Wessels – 082 873 2338

Kantoor: 051 753 0754

E-pos: colesberg@shisas.com